NR JUNIE
NO 199 JUNE 2011

INHOUDSOPGAWE - CONTENTS BLADSY / PAGE

- VOORSITTERSVERSLAG: 2011 2
- STRATEGIESE BEPLANNING 4
- 'N SEER MOND MET GOUE TANDE 4
- DISSIPLINE IN DIE WERKSPLEK 6
- NUWE ERA VIR KAAPSE VROUEFORUM 8
- VOEDSELVEILIGHEID STANDAARDE 8
- VRUGTEVLIEG WINTER STRATEGIE 9
- PITTE IN DIE BOS / FRUIT BITS 10
- IPV RAADSLEDE VIR 2011/2012 11
- UITTREDENDE RAADSLEDE 12
- DAGBOEKDATUM: TEGNIESE INLIGTINGSDAG 12

NUUSBRIEF uitgegee deur die
INMAAKVRUGTE PRODUSENTE VERENIGING
Hoofstraat 258
Posbus 414
PAARL 7620
TELEFOON: 021-8721401
FAKSIMILEE: 021-8722675
E-pos: inmaak@mweb.co.za

NEWSLETTER issued by the
CANNING FRUIT PRODUCERS' ASSOCIATION
258 Main Street
P O Box 414
PAARL 7620
TELEPHONE: 021-8721401
FAX: 021-8722675
Web page: www.canningfruit.co.za

REDAKTEUR / EDITOR : WIEHAHN VICTOR

Reproduction of articles from this Newsletter to acknowledge DIE KRAT and author.
Herdruk van artikels in hierdie Nuusbrief moet DIE KRAT en die skrywer erken.

VOORSITTERSVERSLAG: 2011

Tydens die pas afgelope IPV Algemene Jaarvergadering het die **Voorsitter, mnr Anthony Dicey,** gesê dat hy met gemengde gevoelens verslag doen oor die aktiwiteite van die IPV. Aan die een kant is die Vereniging, met al sy dienste wat hy verrig, en aan die ander kant die Inmaakvrugtebedryf. Alle inmaakprodusente behoort vrywillig aan die Vereniging, wat redelik uniek is in die landbou. Produsente betaal 1% heffing op die verkoopswaarde van hulle vrugte aan die Vereniging oor en daarvoor kry produsente 'n diens wat moet bydra tot hulle welvaart. Sy verslag handel oor die aktwiteite van die Vereniging die afgelope jaar, wat terselfdertyd verduidelik waarvoor die heffings gebruik word. Produsente sal self moet oordeel of hulle suksesvol met of sonder hierdie dienste sal kan klaarkom.

Die Inmaakvrugtebedryf aan die anderkant is onderworpe aan produksie (op plaas- en verwerkersvlak), markkragte, die wisselkoers en diesmeer. Almal besef dat die Bedryf op die oomblik deur 'n maer periode gaan. Die IPV kan nie geskei word van die Bedryf nie, maar 'n mens moet tog anders kyk na die twee. Sommige produsente word soms verwar en maak die afleiding dat as dit swak gaan met die Bedryf, dit ook met die Vereniging swak gaan. Dit is hopelik nie die geval nie. Waarvan hy wel seker is, is dat ons dankbaar moet wees vir 'n sterk Vereniging, wat op vele terreine 'n positiewe bydrae maak tot ons as produsente se welvaart terwyl die Bedryf baie negatiewe druk ervaar.

Die afgelope jaar is gekenmerk deur baie onsekerhede in die Bedryf. Verwerkers het kwotas ingestel, die wisselkoers het swak gebly terwyl die mark relatief gunstig was. Die seisoensreëlings was deurmekaar gewees en het boonop gedurende die oesperiode verander. Terwyl sommige produsente die IPV hiervoor verkwalik het, het die probleem eerder by van die verwerkers gelê. Die produsentekomitees het 'n baie belangrike rol gespeel om 'n mate van stabiliteit te skep.

Daar is gedurende die jaar op verskeie geleenthede met produsente geskakel om inligting te voorsien. Die Inligtingsdag vir praktiese navorsing te Ashton is deur meer as 100 produsente bygewoon. Tegniese inligting rondom vrugtevlieg beheer, arbeidsake en voedselveiligheid is onder andere bespreek. Die blootstelling aan ander produsente en aan die kennis van bekende kenners op hulle vakgebied, moet nie gering geskat word nie. Die jaarlikse Produsente Inligtingsdag te Worcester is ook goed bygewoon deur net minder as 100 produsente.

Die Krat met sy verskeidenheid artikels, wat inligting gee oor die Suid-Afrikaanse-, die Wêreldbedryf, tegniese artikels, arbeidsake en motiveringsgedeeltes het vyf keer verskyn en is een van die maniere hoe produsente op hoogte gehou word. Die IPV webwerf het ook al die nodige inligting beskikbaar van die spruitstoflys tot hektare geplant en vorige Krat uitgawes.

Die Uitvoerende Bestuur het gereeld vergader en twee Raadsvergaderings is ook gehou. Raadslede bring idees, voorstelle, terugvoering en kritiek uit hulle areas na hierdie vergaderings en word daar gepoog om aan die behoeftes van die lede te voldoen. Die Mededingingswet het veroorsaak dat geen oesskattingsvergaderings die afgelope jaar plaasgevind het nie. 'n Werkswinkel is aangebied deur die Kompetisiekommissie, wat deur Raadslede, verwerkers en ander rolspelers bygewoon is en is daar besef dat die betrokkenes sal moet aanpas by die vereistes van die Wet.

Die Vereniging het 'n belangrike rol te speel in skakeling met die Regering. Die Wes-Kaapse Regering en die Nasionale Regering is gedurende die jaar besoek om die Bedryf se ekonomiese posisie aan die betrokke Ministers te verduidelik en om te verneem of daar enige hulp aan 'n baie belangrike rolspeler in die ekonomie beskikbaar is. Alhoewel ons goed ontvang is, sal ons moet besef dat ons heil in ons eie hande lê.

Die Vereniging neem aktief deel aan die Staat se PPP projek deur middel van die Inmaakvrugte Taakgroep en is verskeie projekte deur die PPP gefinansier. Die tweede fase van die PPP loop ten einde in Junie 2012. Die IPV het 'n bydrae van R336 000 gemaak. Uit die PPP is 'n bedrag van R3 miljoen beskikbaar gestel om generiese promosie vir inmaakvrugte te doen. Een van die areas waarop veral gefokus word, is die Europese Unie/SACU EPA onderhandelings. Sou volle toegang verkry word, sal dit 'n inspuiting van R80 – R100 miljoen in die Bedryf lei.

Die SIAL Voedselskou is in Oktober 2010 bygewoon deur die Bestuurder. Die tiende Wêreld Inmaakvrugte Konferensie is in September 2010 in China bygewoon. Alhoewel China in die wêreldmark met Suid-Afrikaanse vrugte kompeteer, is daar ook geleentheid vir toetrede tot die Chinese binnelandse mark as gevolg van die Inmaakvrugtebedryf se goeie kwaliteit vrugte. Belangrike verhoudings met inmakers en produsente in die buiteland word by hierdie geleentheid uitgebrei.

Skakeling met die verwerkers vind, behalwe op produsentekomiteevlak, ook by die Sagtevrugte Inmaakforum plaas en twee vergaderings is gedurende die jaar gehou. Die IPV is in noue kontak met hul sustersbedrywe en is daar gedurende die jaar twee Hortforum vergaderings gehou. Die vrugtebedrywe steun die werk, wat namens produsente deur Agri SA gedoen word. Kern belangrike sake word vir die produsent deur Agri SA gedryf. Die beeld van Landbou, regsfondse vir byvoorbeeld die watergebruiksregte, minerale regte en die groenskrif vir grondhervorming, is voorbeelde wat aandag geniet en woon die Bestuurder gereeld Agri SA vergaderings by.

As daar na die tegniese funksies van die Vereniging gekyk word, word besef hoeveel gedoen moet word sodat ons as produsente suksesvol kan wees. Navorsing en ontwikkeling kos ongeveer R1 miljoen en is onontbeerlik as ons mededingend wil bly. Die klem val op die oomblik op teel en evaluasie. Daar heers wel bekommernis oor die vermoëns van die LNR, maar die IPV is saam met die ander vrugtebedrywe gereeld besig om druk op hulle uit te oefen om goeie diens te ontvang, terwyl daar ook na ander navorsingsmodelle gekyk word.

Die Vereniging het ‘n 17% aandeel in Culdevco, wat 12 inmaak variëteite bestuur, waarvan 5 vrygestel is aan produsente. Tantiéme vanaf boomverkope maak die grootste inkomste uit vir Culdevco. Die bydrae van R337 000, wat die IPV Navorsingstrust ontvang het, word dan aangewend vir navorsing. SAPO Trust, waar die Voorsitter namens die IPV ‘n Trustee is, is finansieel stabiel en word nie deur die IPV gesubsidieer nie. Die IPV betaal wel direk vir die diens, wat SAPO deur een van sy 5 besigheidseenhede, naamlik produksie, patologie en registrasie, evaluasie, produkontwikkeling en die kwekery, aan die Bedryf lewer. SAPO het ISO 9001 akkreditasie en hierdie bate tesame met die aandeel van 20% in Upstars Trading (wat SAPO se eiendom besit), gee aan produsente ‘n kompeterende voordeel. Daar is bedreigings met betrekking tot kwarantynstasies en word produsente gemaan om virusvrye, gesertifiseerde plantmateriaal te gebruik omdat daar ‘n toename in die gebruik van ongesertifiseerde plantmateriaal is. Die Bestuurder dien op die Raad van Plant SA waar onder andere die volhoubaarheid van plantinspekteurs ‘n prioriteit is.

Die IPV het ‘n aandeel van 15% in SIT Africa en die SIT program is doeltreffend in die streke waar dit gebuik word. Die beheer van vrugtevlieg blyk egter ‘n probleem te wees en word daar voorsien dat die pes in die toekoms meer noukeurig bestry sal moet word. Die Voorsitter verwys weereens na die Inligtingsdag vir Praktiese Navorsing waar die nodige inligting verskaf is om vrugtevlieg te bestry. Dit hang dus af van die produsent hoe hierdie inligting toegepas word.

Die Chemiese Spuitstofkomitee het verseker dat die Bedryf voldoen aan die internasionale vereistes, wat gestel word ten opsigte van spuitstof residue. Die optel van monsters en die spoedige terugvoering van analises word deur die IPV kantoor gekoördineer. Sonder hierdie funksie sou die Bedryf nie mededingend kan wees nie. Ander take wat gedurende die jaar voltooi is, sluit in die jaarlikse boomsensus, lewering van sekretariële dienste aan die Koejawelprodusente Vereniging, betrokkenheid by die Agri Cape Expo te Bien Donné en die boompieprojek, wat gerig is op opkomende boere en deel uitmaak van die Hortgro Ontwikkelingskamer.

Daar bestaan wel die bedreiging dat sommige lede nie die waarde van ‘n goed georganiseerde vereniging waardeer nie en as gevolg van finansiële druk hul lidmaatskap wil opsê. Die ledeheffings, wat die produsent betaal gaan nie bepaal of die produsent winsgewend is of nie. Lede is egter geregtig om te vra of hulle waarde vir hulle geld kry of hulle ‘n goeie diens kry of daar nie ruimte vir verbeterings is nie en of die Vereniging op die regte koers is. ‘n Strategiese Beplanning Sessie word vanaf 9 Junie 2011 gehou en word produsente uitgenooi om ‘n bydrae te maak.

Die Bestuurder, mnr Wiehahn Victor, en sy peroneel is regtig verbind tot die Vereniging en sy produsente en bedank die Voorsitter hulle vir die uitstekende werk, wat hulle namens die produsente en die Bedryf verrig. Hulle dra die IPV se belange op die hart. Die Raadslede uit die onderskeie areas is deur mede-produsente genomineer en dra entoesiasties by tot die aktiwiteite van die Vereniging.

STRATEGIESE BEPLANNING

Die Vereniging is tans besig met die vorming van ‘n strategie vir die toekoms van die Inmaakvrugtebedryf. Die doel van die beplanning is om die bedryf weer winsgewend te kry. Enersyds sal die Vereniging moet aanpas by ‘n veranderde omgewing en sy funksies so rig dat waarde vir die produsent toegevoeg word. Andersyds sal daar op die onwinsgewende bedryf gefokus moet word en omkeer planne beraam word.

Na die identifisering van die probleemareas moet daar aksieplanne opgestel word. Sukses met so ‘n proses kan alleen verkry word as daar so wyd as moontlik gekonsulteer word en “out-of-the-box” gedink word. Vir dié doel is daar alreeds tydens die Algemene Jaarvergadering oor die onderwerp gedebateer en is byeenkomste in die onderskeie produksie areas gereël. Uit die aard van die saak word daar op topbestuursvlak ook met die verwerkers gesels. Na afloop van die opstel van die aksieplanne, sal daar aan die implimentering daarvan aandag gegee word.

U is welkom om met die kantoor te skakel met voorstelle/oplossings in dié verband.

‘N SEER MOND MET GOUE TANDE

`n Basiese beginsel wat elkeen van vroeg af behoort te leer, is dat insette `n wesenlike invloed op uitsette het. Dit waaraan jy aandag gee, gedy en die teendeel is: dit wat jy afskeep, verwaarloos! Vir sakepersone is dit `n kardinale element van sukses en goeie leierskap beteken in die deursnee onderneming die verskil tussen wins of verlies. Buiten die feit dat Suid-Afrika in die politiek `n leierskaps vakuum het, is die insette nie gefundeer in `n fokus op sinvolle, langtermyn uitsette nie. Soos Khalil Gibran al baie lank gelede Sirië se probleem aan ons voorhou, sit ons land ook met soveel vrot tande en word die goud kwistig gebruik om die vrot mee te stop. Met die onlangse Munisipale verkiesing en baie van die dienste opstande wat daarmee gepaard gegaan het; die toiletsages, die ineenplonk van dienste en die feit dat Suid-Afrikaners se lewenspeil drasties verswak het, is alles simptomaties van vrot tande wat reeds maagprobleme veroorsaak.



Die mees onstellende is dat Suid-Afrika die vermoëns, die mense kapitaal en die ekonomie het om as `n nasie ons aan ons eie skoenveters te kan optrek. Volhoubare werkskepping, meer buigsame arbeidwetgewing, prestasie meting vir onderwysers, voorwaardes en teenprestasies vir sosiale toegifte en jeugwerkskepping, is van die uitvoerbare planne wat te maak is. Verder behoort die staatsdiens `n effektiewe diens te lewer aan die burgery en besighede, behoort belastingbetalers soos kosbare kliënte van die staat behandel te word en die obsessiewe klem op ras geruil word vir `n fokus op `n beter lewe vir almal. Helaas, die politieke wil ontbreek en is die gevaar daar dat die stinkende goue tande kort voor lank glad nie meer sal kan kou nie. Die Midde-Ooste van Gibran se revolusies is die uitkomste van nasies met vrot tande. Ironies dat hy met die begin van die vorige eeu, reeds begin waarsku het teen dit wat nou gebeur.

Jac Laubsher het so ‘n maand gelede `n artikel in die Sake-Burger gehad oor *Beperkings van politieke ekonomie staan in die pad van inklusiewe groei*, wat heerlike leesstof was. Volgens die artikel het Suid-Afrika se minister van finansies `n pleidooi gelewer dat die ekonome meer aandag moet gee aan inklusiewe groei. Die een definisie van inklusiewe groei is die verdeling van inkomste en rykdom as `n manier om groter inklusiwiteit te bevorder.

Die ander is dat almal moet deel hê aan die proses van ekonomiese groei en die vrugte moet kan pluk van hul eie bydrae. Dit is dan ook die definisie waarmee Laubsher gemakliker voel. Die voorsitter van die Organisasie vir Ekonomiese Samewerking en Ontwikkeling, Mnr William White het ses punte genoem wat lesse vir Suid-Afrika kan inhou. Eerstens, dat strukturele ekonomiese hervorming moeilik is en is hy pessimisties oor die haalbaarheid daarvan. Tweedens is die persepsies en die werklikheid ewe belangrik wanneer inklusiewe ekonomiese groei beoordeel word. Die Wêreld se ekonomiese groei beweeg in `n verkeerde rigting en van Amerika tot China is daar `n toename in ongelykheid. Vierdens is strukurele hervorming, soos innovasie en omgewings vriendelike groei aspekte wat die lewe vir ongeskooldes en armes moeiliker maak. Die politieke ekonomie bly `n uitdaging vir inklusiewe groei, omdat die politieke magstrukture primêr ten doel het om die heersende elite te bevoordeel en sesdens is daar `n inter-afhanklikheid van bydraende faktore soos die onderwys, indiensneming, fertiliteit en velerlei wat die uitkomste kan beinvloed.

In sy antwoord daarop meld Jac Laubsher dat SA eerstens moet fokus op die vermindering van absolute armoede en om diegene wat uitgesluit is, in te trek en toe te rus om in die moderne ekonomie te funksioneer. Tweedens, die persepsies tussen wat regverdig en onregverdig is verskil nog baie onderling in SA en het ons morele leierskap nodig om die kwessie aan te spreek, maar dink Laubsher nie Suid-Afrikaners gaan morele leierskap kry van die huidige politieke leiers nie. SA raak meer ongelyk en toon navorsing dat die grootste ongelykheid is in die swart gemeenskap, maar word die ekonomiese uitsluiting toegesmeer.

Vierdens het SA se Nywerheidsbeleid `n voorkeur vir gevorderde tegnologie en het SA nie die geskoolde arbeid nie wat die beleid vir uitvoering benodig nie. Die politieke elite het al oor en oor empiries bewys dat die langtermyn voordeel van dié land ondergeskik is aan hul eiebelang. Sesdens kan ons die voorbeeld volg van lande wat inklusiewe groei bevorder het deur aandag te gee aan die laagste kwartiel van skoolonderpresteerders, aktiewe fleksiteit in die arbeidsmark inbou, die koppeling van sosiale oordragbetalings aan voorwaardes soos skoolbywoning ensovoorts en die verwydering van struikelblokke vir vroue en jeugdiges tot werktoetreding. Hy voel egter dat Suid-Afrika se beleide hul vasloop in die beperkings wat deur die politieke ekonomie daargestel word.

Khalil Gibran is veroordeel omdat hy krities was teenoor sy land en in reaksie daarop het hy geantwoord: ‘yet I will gladly exchange my outcries for cheerful laughter, speak eulogies instead of indictments, replace excess with moderation, provided you show me a just governor, a lawyer of integrity, a religious hierarch who practices what he preaches, a husband who looks upon his wife with the same eye as he looks upon himself. If you prefer me to dance, to blow the trumpet or beat the drum, invite me to a wedding feast and lead me out of the graveyard.”

Soms is daar `n “graveyard” gevoel oor Suid-Afrika, maar het ons soveel in ons guns! Die uittrek van die vrot goue tande is traumaties en nie polities korrek nie, maar slegs dan kan die toekoms wat Suid-Afrikaners toekom bereik word. Hoe word die analogie van vrot tande prakties? Indien ondernemings, en veral ook landbou ondernemings en KMMO’s, voel hul bedrywe word gekoester, sal daar belê word. Maar toenemend is daar `n gevoel van wag en kyk as gevolg van die politieke ekonomie se beperkings, is die uitkomste dat daar meer geneem as toegevoeg word – ‘then society falls to the bottom’. Inklusiewe groei kan nie deur die staat bewerkstelling word nie en is die besigheidssektor as vennoot van kardinale belang. Die gelde aangewend in die staatsdiens moet effektief aangewend word en die eerste keer reg gedoen word, want kapitaal raak wêreldwyd `n skaars artkikel. Daar is nie plek vir swak skakels in die kettings nie en die duld van vrot tande kan Suid-Afrika duur te staan kom! Die onderwys, die regstelsel, die uitbou van die ekonomie en die pers se vryheid is ononderhandelbaar. Mag gewone Suid-Afrikaners op alle vlakke van die samelewing fokus daarop om vrot tande uit te trek – ook die goue vrot tande en veral ook ons eie vrot tande, want Gibran sê dat van die ‘governor’ tot die ‘husband’ se aksies dra by tot `n werkende samelewing! Dit, sodat Suid-Afrika inklusiewe groei kan laat realiseer om te verhoed dat die Midde-Oosterse revolusies nie ons voorland word nie…

Deidré Eigelaar, Achtervlei, Piketberg

DISSIPLINE IN DIE WERKSPLEK:
DISSIPLINÊRE OORTREDINGS IN VERBAND MET ALKOHOL OF VERDOWINGSMIDDELS

'n Werkgewer word dikwels gekonfronteer met 'n werknemer, wat onder die invloed van drank/verdowingsmiddel vir werk rapporteer of 'n situasie waar die werknemer drank of verdowingsmiddels gebruik, gedurende werksure. Feitlik sonder uitsondering behoort hierdie gedrag van 'n werknemer as 'n baie ernstige dissiplinêre oortreding beskou te word en word die Werkgewer en sy/haar besigheidsbelang baie beslis deur die arbeidsreg hier beskerm. Die ernstigheidsgraad van die oortreding neem verder ook toe in die geval waar die werknemer 'n gevaarlike tipe werk verrig terwyl hy/sy onder die invloed van drank of verdowingsmiddels verkeer. Verder kan die aard van die besigheid van die Werkgewer ook 'n verdere relevante oorweging wees om die erns van die oortreding te bevestig soos uitgewys in 'n belangrike Arbeidshofuitspraak (Flink v Ohlssons' Breweries (Pty.) Ltd. 1985 ICD (1)20).

In hierdie en die volgende artikel sal daar gepoog word om meer breedvoerig met hierdie tipe oortreding in die werksplek te handel en riglyne te verskaf oor hoe hierdie onaanvaarbare gedrag van 'n werknemer hanteer behoort te word.

Ten eerste is dit van groot belang dat die Werkgewer baie duidelike werksplekreëls moet uitspel wat betref alkohol- en dwelmgebruik in die werksplek. Dit is verder van belang dat die Werkgewer 'n spesifieke dissiplinêre kode daaraan koppel, ma.w. daar moet duidelik uitgewys word dat die Werkgewer dus geen verskoning van 'n werknemer sal aanvaar waar hy/sy onder die invloed van drank werk sal verrig of aanmeld vir diens nie. Waar so 'n dissiplinêre kode werknemers verbied om drank op die perseel van die Werkgewer te bring of om werk onder die invloed van drank of enige ander verdowende middel te verrig, kan 'n eerste oortreding van so 'n verbod tot die ontslag van die betrokke werknemer lei. Die Werkgewer kan ook 'n reël uitvaardig, wat werknemers verplig om die gebruik van die verbode middels deur ander werknemers, aan te meld. Indien 'n werknemer dan sou nalaat om sulke oortredings aan te meld, kan so 'n versuim, in die lig van die Werkgewer se plig om 'n veilige werksplek te verseker, tot sulke persone se ontslag aanleiding gee.

Ten tweede, is dit belangrik om te meld dat – vanweë die ernstigheidsgraad van die oortreding, daar van die Werkgewer verwag sal word om die werklike gebruik van die stowwe te bewys. Derhalwe is dit belangrik dat die Werkgewer baie fyn moet let op sekere indikatore om te bepaal of 'n werknemer onder die invloed van alkohol of ander verdowende middels is. Veiligheid in die werksplek vereis van die Werkgewer dat waar hy/sy slegs 'n vermoede het dat 'n werknemer onder die invloed van alkohol of enige ander verdowende middels is, hy/sy nie mag toelaat dat 'n werknemer die werksplek betree en enige take mag verrig nie. Dit is dan ook nie nodig om 'n werknemer – waar so 'n vermoede bestaan – aan bv. 'n alkoholtoets te onderwerp nie, maar kan die Werkgewer slegs staatmaak op sigbare tekens soos onder andere rooi oë, aangepaste spraak en liggaamshouding, onvastheid op voete, drankreuk, ens. Dit sal as voldoende beskou word om te bewys dat 'n persoon onder die invloed van drank en/of verdowingsmiddels is.

Soos reeds vroeër genoem, hou die gebruik/misbruik van drank en ander verdowingsmiddels ernstige gevolge vir die werknemer, die Werkgewer sowel as die gemeenskap in. Derhalwe is dit nie ongewoon dat werknemers vanweë die besit, gebruik of verkoop van sulke stowwe vir 'n eerste oortreding ontslaan word nie.

In die gedeelte wat volg, wil ek graag fokus op spesifieke situasies verbandhoudend met die gebruik/misbruik van drank en/of ander verdowende middels in die werksplek:

1. Aanmelding vir diens terwyl onder die invloed van drank en/of verdowingsmiddels:

Aanmelding vir diens terwyl onder die invloed is ewe ernstig as die werklike gebruik van drank/dwelms in die werksplek. Die rede hiervoor is dat die werknemer 'n wetlike verpligting teenoor sy/haar Werkgewer het om sowel sielkundig as fisies gereed te wees vir diens wanneer aangemeld word en so te bly terwyl hulle diens verrig. Daarom het die Werkgewer dan ook 'n verpligting om geen persoon, wat blyk onder die invloed van alkohol/dwelms of verdowingsmiddels te wees, toe te laat om die werksplek te betree of daarop aanwesig te wees nie. Die rede hiervoor is heel duidelik, naamlik dat 'n benewelde persoon 'n gevaar kan stel vir hom/haarself, sy eie en ander se veiligheid in die werksplek op risiko kan plaas en so ook lede van die publiek in gevaar kan stel. Dit, op sy beurt, kan die Werkgewer in 'n ernstige verleentheid stel en groot skade vir die betrokke Werkgewer tot gevolg hê.

Aanmelding vir diens terwyl onder die invloed van drank, dwelms of enige ander verdowingsmiddel moet as 'n werksplekreël baie duidelik gestel word as totaal onaanvaarbaar, en moet as sulks aan alle personeel gekommunikeer word asook konsekwent toegepas word.

2. Die besit van drank/dwelms of verdowingsmiddels in die werksplek:

Werknemers word dikwels betrap dat hulle drank/dwelms en/of verdowingsmiddels in hulle besit het gedurende normale werksure. Hierdie is insgelyks 'n ernstige oortreding en moet baie duidelik as sodanig in die dissiplinêre kode van die Werkgewer uitgewys word. By die besit van drank/dwelms en/of verdowingsmiddels is dit belangrik dat die Werkgewer ten minste moet kan bewys dat die besitter of draer van 'n verbode middel bewus was van die bestaan daarvan in sy/haar sorg, beheer of aanhouding. Indien 'n werknemer in besit van sodanige middels/stowwe gevind word, moet so 'n persoon aan 'n dissiplinêre verhoor onderwerp word en is dit nie vir 'n skuldigbevinding nodig om ook te bewys dat die besitter se oogmerk was om beheer oor die middel uit te oefen nie. 'n Werkgewer is ook verder gemagtig om die besit van sodanige middels buite die werksperseel te verbied solank die Werkgewer se besigheidsbelang deur die besit daarvan geraak sal word. Waar 'n werknemer met sy/haar eie of die Werkgewer se voertuig in die loop van sy/haar diens reis en in die besit van die verbode middels betrap word, sal hy/sy daarvoor deur die Werkgewer gestraf kan word.

In die volgende artikel sal hierdie onaanvaarbare gedrag verder ondersoek word en sal daar spesifiek gekyk word na die verkoop of verspreiding van alkohol/dwelms in die werksplek, ongemagtigde en ander afwesighede vanweë dwelm- en alkoholmisbruik, asook na die gebruik van alkohol terwyl aan diens. Kroniese alkoholisme en dwelmverslawing en hoe dit hanteer behoort te word, sal ook bespreek word.

VIR BYSTAND EN/OF ADVIES RAKENDE ENIGE ARBEIDSAANGELEENTHEID,
SKAKEL DR. LEON BOSMAN
SELFOON: 083-414-5679 OF E-POS: labosman@telkomsa.net

NUWE ERA VIR KAAPSE VROUEFORUM

Die opleidingsprogramme en dienste van die Kaapse Vroueforum, 'n erkende opleidingsinstansie, wat sedert die laat tagtiger jare opleiding en ontwikkelingsdienste in die landboubedryf aangebied het, word amptelik vanaf 1 Julie 2011 na 'n nuwe entiteit, **Philani Training and Development Solutions NPC**, oorgedra. Alle personeel is na Philani Training and Development Solutions NPC oorgeplaas en sal voortgaan met hul aktiwiteite en dienste aan kliënte en leerders aan wie hulle tot dusver hul portefeulje van dienste gelewer het.

Volgens Mev Estelle Engelbrecht, Uitvoerende Direkteur van Philani Training and Development NPC, werk die Kaapse Vroueforum reeds vir etlike jare nie net in die "Kaap" en net met "Vroue" nie en dit is nie meer die "Forum", wat in die laat tagtigerjare gestig is en aanvanklik hoofsaaklik op die sagtevrugtebedryf gefokus het nie. Oor die afgelope twintig jaar is dienste nie net aan die primêre landboubedryf gelewer nie, maar ook aan 'n reeks ander sektore soos sekondêre landbou, gesondheid, voedselverwerkingsaanlegte en verskeie klein handelsbedrywe.

Die rasionaal volgens die Xhosa-taal is dat Philani *"Gesond en geniet goeie lewe*" beteken.

Philani Training and Development Solutions NPC se primêre fokus is op gesondheid van gemeenskappe, gesondheid en veiligheid in die werkplek en die welsyn van alle persone. Ander programme wat aangebied word, sluit sakebeginsels, lewensvaardighede, kleuterskoolonderwys en dienste soos oudits volgens wetgewing, opleidingsbeplanning en werkplekvaardigheidsplanne in. Nuwe programme waarop voortaan ook gefokus sal word, is Noodhulp en om lees- en skryfvaardighede van veral Afrikaanssprekende landelike gemeenskappe te verbeter. 'n Ander funksie wat spesifiek aandag sal geniet, is mentorskap vir gesondheidswerkers op plase in samewerking met die Departement van Gesondheid in die Wes-Kaap.

Wysigings met betrekking tot webtuistes en ander kontakbesonderhede sal binnekort versprei word.

Vir verdere navrae of inligting kontak:

Estelle Engelbrecht (estelle@philani.co.za)
Tel: 021 8832490
Faks: 021 8832491

VOEDSELVEILIGHEID STANDAARDE

Kennis is reeds aan produsente gegee dat teen 2012 alle produsente van inmaakvrugte aan ten minste die basiese voedselveiligheid standaarde moet voldoen. Kennisgewing R707 van 2005 oor voedselveiligheid (sogenaamde SAGAP) sal die minimum standaard wees. Hierdie is die Suid-Afrikaanse wetgewing en waar produsente aan hoër internasionale standaarde voldoen, sal dit aanvaar word deur die Inmaakvrugtebedryf.

Produsente word herinner en aangemoedig om te registreer by die Departement van Landbou en Visserye en die nodige rekordhouding- en identifikasiestelsels in plek te kry. Naspeurbaarheid, bemesting, oesbeskerming, grond- en waterbestuur moet volgens bepaalde riglyne geskied.

VRUGTEVLIEG WINTER STRATEGIE

Die bedryf het pas een van sy "mees gunstige" vrugtevlieg jare beleef met wyd-verspreide skade en sigbare voorkoms van vrugtevlieg in die meeste produksie-gebiede. Produsente is dit eens dat die bedryf nou eens en vir altyd effektiewe area wye beheerprogramme, wat voldoende befonds word, in plek moet kry.

Vir die doel is SIT Africa tans besig om saam met produsente en tegniese kundiges in die verskillende areas, sogenaamde meester planne wat al die sukses elemente vir effektiewe beheer insluit, vir areas en sub-areas te ontwikkel. Dit sal uitloop op nuwe begrotings vir elke area, wat ook optimale lugspat skedules sal insluit. Detail in die verband sal net na die komende winter vakansie in area verband verder gekommunikeer en hanteer word.

Gegewe die hoë vrugtevliegdruk waarmee ons die somer afgesluit het, is dit egter krities dat alle produsente 'n optimale winter strategie volg. Hieronder volg verdere relevante inligting waarop produsente asseblief moet ag slaan ten einde ons in staat te stel om met die kleinste moontlike populasie die somer in te gaan.

Vrugtevlieë migreer uit boorde en wingerde sodra die blaarval sodanig is dat daar nie meer voldoende skuiling vir hulle is nie. Om die winterkoue te oorleef beweeg hulle dan hoofsaaklik na plaastuine en huistuine in nabygeleë dorpsgebiede waar daar kos (bv. heuningdou en voëlmis) en skuiling is en waar hulle kan voortplant. Hulle trek ook na wilde gasheerplante in die natuur, maar vrugtevlieë is inherent lui en sal na die naaste plek trek waar 'n gunstige habitat vir oorwintering aangetref word.

Dit is reeds bewys dat plaas- en dorpstuine **dwarsdeur die jaar** 'n konstante bron van her-infestasie van die omliggende boorde/wingerde is. Verder moet in gedagte gehou word dat 'n matige en droë winter tot gevolg het dat baie meer vrugtevlieë die winter oorleef en dit gee natuurlik weer aanleiding tot hoër bevolkings in die daaropvolgende lente en somer.

Plaastuine:

Dit is dus krities dat daar gedurende die winter/lente 'n **100% fokus** op bestryding in die vlieë se broeiplekke is. Daarom moet lokvalle vanaf die begin van Junie na plaastuine verskuif word en die loslating van steriele mannetjies op plase gestaak word. Sodra vangstes in 'n plaastuin aangeteken word, moet die betrokke produsent onmiddellik met onderdrukkingsmaatreëls begin deur die tuin/e minstens **twee-weekliks te spat en voort te gaan totdat geen vangstes aangeteken word nie.**

SIT Africa gaan ook weer vanaf Junie op eie onkoste van die vorige generasie M3 lokstasies in alle plaastuine uithang, en saam met die produsent se spat aksies behoort ons die wilde populasie 'n gevoelige knou toe te dien. **Maar dit sal slegs gebeur indien elke produsent sy volle samewerking gee!**

Dorpstuine:

Wat dorpstuine betref, lyk die prentjie heel anders. Die spat van lokaas in dorpe is problematies soos wat ons ondervinding in o.a. Riebeek-Kasteel bewys het. Party inwoners verstaan dat GF-120 'n natuurlike produk is, maar andere weier botweg dat enige spatwerk gedoen word. Om M3's in dorpstuine te hang is ook problematies omdat ons nie vrye toegang tot tuine het nie - hekke wat gesluit is, kwaai honde ens!

Wat ons egter wel kan doen, is om weekliks alle beskikbare steriele mannetjies so eweredig moontlik in dorpsgebiede los te laat. Dit behoort die kans op herbesmetting vanuit die dorpsgebiede in die komende seisoen aansienlik te verminder. Indien ons hierdie strategie nougeset volg, behoort ons oor tyd 'n dramatiese afname in die wilde populasie se getalle vanuit hierdie bron te bespeur.

Hoe meer moeite ons kollektief in die winter en vroeë lente buite boorde en wingerde doen, hoe minder sal die probleme in die somer wees. Winterbeheer op plase is op 'n klein gefokusde area – daarom is dit i) baie goedkoper en ii) uiters doeltreffend indien dit korrek en konsekwent toegepas word.

As elkeen sy/haar deel doen, SAL ons hierdie geveg wen!

Navrae: Skakel: Stiaan Kotze, Bestuurder, SIT Africa (stiaan@sitafrica.co.za) / Sel: 082 447 4077

Pitte in die Bos / Fruit Bits



CHINESE FRUIT JUICE CONSUMPTION

The most popular fruit juice flavour in China remains orange. Peach is in second place and grape is third. Fourth place is held by red date, a flavour almost unknown outside China. China is unlikely to see huge increases in its pure fruit juice consumption.

- Foodnews

CHEMIESE SPUITSTOWWE

Tydens die 2010/2011 seisoen is 2 470 monsters vrugte ontleed vir chemiese spuitstowwe. Die bedryf kan baie tevrede wees dat slegs enkele oorskrydings voorgekom het en dit was hoofsaaklik op boordmonsters. Boordmonsters word voor lewering getrek en tydens lewering van vrugte word verdere ad hoc monsters getrek. Daar word ook vir swaar metale getoets, waar geen oorskydings voorgekom het nie.

- Inmaakvrugte Produsente Vereniging

AUSTRALIAN FRUIT CANNER TO END EXPORTS

SPC Ardmona, the only major fruit cannery still operating in Australia, has said it has had to abandon the export market due to the high value of the Australian dollar and the cost of processing fruit.

- Foodnews

SAGTEVRUGTE BEDRYFSTOEKENNINGS

Die Sagtevrugtebedryf se jaarlikse prestige Gala-aand vind plaas op 23 September 2011 waartydens verskeie toekennings oorhandig word.

Graag wil ons u hiermee uitnooi om nominasies te doen vir onderstaande kategorieë van toekennings aan persone in die Sagtevrugtebedryf:

- *Bedryfsleier van die jaar*
- *Beste nuwe toetreder tot die sagtevrugtebedryf*
- *Plaaswerker van die jaar*
- *Navorser van die jaar*
- *Izethelo, media toekenning vir uitmuntende joernalistiek*

Nominasievorms is beskikbaar by Dr Phillip Fourie by phillip@saplant.co.za en sluit 30 Julie 2011.

Die grootste geskenk wat jy kan gee,
is 'n stukkie van jouself.
- Ralph Waldo Emmerson

IPV RAADSLEDE VIR 2011/2012

Tydens die Algemene Jaarvergadering wat gehou is op 8 Junie 2011, is die volgende Raadslede eenparig verkies om in die onderskeie areas as verteenwoordigers op die IPV Raad te dien vir die 2011/2012 termyn.

VOORSITTER: A G DICEY

VISE-VOORSITTERS: H L F VAN DER MERWE EN F J VAN DER MERWE

ERE-PRESIDENT: A V VAN DER MERWE

Area	**Verteenwoordiger**
Citrusdal / Porterville / Piketberg	D J Eigelaar
Tulbagh	J H Theron J N Theron
Wolseley	A G Dicey
Worcester / Breërivier	F R Botha
Ceres: Swaarmoed	A F Smith
Ceres: Koue Bokkeveld	F J van der Merwe C L van Zyl
Ceres: Witzenberg Vallei	I S Hanekom
Ceres	B J van Rensburg
Prince Alfred Hamlet	P du Plessis
Ladismith / Calitzdorp / Oudthsoorn	W M Nel
Swellendam / Barrydale	J H Kriel
Ashton	G Smuts
Bonnievale	H L F van der Merwe
Montagu / Koo	C Jordaan Vakant
Robertson	J K de Wet
Grabouw / Stellenbosch / Paarl / Franschhoek / Caledon / Villiersdorp	A G le Roux S Malherbe
Joubertina / Uniondale	J C Strydom

Baie geluk aan Anthony Dicey, wat weer as Voorsitter herkies is, asook aan Febbie van der Merwe en Fanie van der Merwe die Vereniging se Vise-Voorsitters.

UITTREDENDE RAADSLEDE

Die Vereniging wil graag baie dankie sê aan die volgende uittredende Raadslede:

JAN THERON (TULBAGH AREA):

Jan het die Tulbagh area vir 33 jaar op die Vereniging verteenwoordig en was Voorsitter van die Vereniging vir ses jaar. Hy was ook lid van die Inmaakvrugteraad en het 'n leiersrol gespeel in die oorgang vanaf die Inmaakvrugteraad en APKV na die huidige Inmaakvrugte Produsente Vereniging.

FRANS CONRADIE (P A HAMLET AREA):

Frans het vir 23 jaar op die Vereniging gedien as P A Hamlet area verteenwoordiger en was ook Onder-Voorsitter van die Vereniging. Hy het diep spore getrap in die Inmaakvrugtebedryf, die Droëvrugtebedryf en Landbou in die algemeen.

PIETER REUVERS (GRABOUW AREA):

Pieter het vir 14 jaar die Grabouw area op die Vereniging verteenwoordig. Hy het veral 'n waardevolle bydrae gelewer tot georganiseerde Landbou en namens die Sagtevrugtebedryf in Agri SA se Raad gedien.

OPREGTE DANK, JULLE BYDRAES WORD WAARDEER

TEGNIESE INLIGTINGSDAG

VIR

VRUGTEPRODUSENTE

Droëvrugte Tegniese Dienste (DTD)

Neem asseblief kennis dat die **Inmaakvrugte Produsente Vereniging** en **Droëvrugte Tegniese Dienste** weer soos in die verlede 'n gesamentlike Tegniese Inligtingsdag gaan aanbied en wel op:

WOENSDAG 24 AUGUSTUS 2011 OM 08:30

Onderwerpe soos: Nuwe kultivars, Vrugtevliegbeheer,
SIT beginsels asook ekonomiese- en markvooruitsigte sal bespreek word

'n Volledige program volg eersdaags